# John Knox, Die Skotse Calvinis*

As ons aan John Knox, die Skotse Hervormer, dink, dan sien ons voor ons oprys die beeld van die Ou-Testamentiese profeet wat sy stem in die woestyn verhef en gekleed gaan met 'n harige mantel en 'n leergord om sy heupe. John Knox het die byl aan die wortel van elke afgodsboom gelê. Soos 'n Luther het hy in die taal van die volk gespreek en daar was by hom geen vrees om selfs in paleise die oordeel van God oor konings aan te kondig nie. Hy was die man wat kastyding en marteling geken het. Vir negentien maande is hy op 'n Franse galeiskip gefolter, en selfs dit was nie genoeg om sy vurige gees te blus nie. In vyf lande was hy predikant en in die sesde het hy in die paar weke tot sy beskikking as 'n vurige prediker van die Calvinistiese waarheid opgetree. John Knox, geskool in die harde leerskool van lewenservaring, maar ook in die wonderlike skool van Genéve, waar hy 'n boesemvriend van Calvyn geword het, het by uitstek die instrument geword om in Skotland die riglyne vir 'n gereformeerde Kerk aan te dui. En hy het dit met krag gedoen, 'n krag wat gestraal het uit sy persoon sodat die regent Morton by die oop graf van hierdie Hervormer gesê het: „Here lies one who neither flattered nor feared any flesh".

**Die Kerk wat moes hervorm word.**

Voor die Hervorming in die sestiende eeu was Skotland vier honderd jaar lank 'n slagoffer van die Kerk van Rome. Geweeg in sy eie weegskaal, sien die Kerk van daardie tyd daar allerellendigs uit, en sekerlik word dit tyd dat ons hierdie feite onder die aandag van ons Engelssprekende landgenote bring, sodat hulle kan sien waarvan die Skotse nasie verlos is en wat selfs die Engelse nasie tot 'n groot mate (veral die Presbeteriaanse deel) aan die vaders van die Hervorming wat as instrumente van God opgetree het, te danke het! Daar sal dan nie alleen 'n innige dankbaarheid vir die Protestantisme in die algemeen wees nie, maar die waarde van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing sal opnuut besef word.

Hoe lyk nou die Kerk waarin John Knox as Hervormer opgetree het? In alle opsigte was dit teenoorgesteld aan die ware Kerk van Christus. Dit is nie maar 'n stelling wat uit die lug gegryp is nie, maar ons kan dit vandag stap vir stap uit die kerklike geskrifte en dokumente van daardie tyd bewys. By die lees van hierdie dinge verstaan ons waarom 'n bekende kerkhistorikus in Skotland gesê het dat die val van die Middeleeuse Kerk in geen land so algeheel was as juis in Skotland nie. Sy hele struktuur is in brokkies voor die Hervorming verpletter (MaClean, p. 11). Hierdie Kerk is as 'n landskerk radikaal geskeur in flarde sodat selfs die fanatieke Jesuïte met die kontra-reformasie geen vatplek kon kry nie. En een van die grootste oorsake? Dit was die verskriklike dekadensie en kanker wat in sy eie gebeente gevreet het. Laat ons dan hierdie Kerk van nader beskou:

Dit was 'n buitelandse Kerk. Min

* Die skrywer van hierdie artikel verkeer tans in Skotland vir die doktorale studie.

besef ons dat die Kerk van Rome nie die eerste Christelike Kerk in Skotland was nie. Die eerste Kerk was die ou Keltiese Kerk, wat vanuit Ierland onder leiding van Columbia daar gevestig is in die sesde eeu. Hierdie Kerk het geen band met Rome gehad nie. Vir die aanspraak dat die oudste Kerk in Ierland en Skotland 'n Roomse Kerk was, bestaan daar geen historiese gronde nie, maar die teendeel word bewys (Duke, p. 16).

In 1057 het Malcolm die Derde, of beter bekend onder sy Keltiese naam, Canmore, die Skotse troon bestyg. Deur sy huwelik met die Engelse prinses Margaret, is die Roomse Kerk in Skotland ingevoer en die ou Keltiese Kerk geassimileer. Hierdie koningin Margaret was 'n fanatieke yweraar vir die Roomse Kerk. Bowendien was haar groot doel om die Skotse Kerk te verengels en haar seuns Edgar, Alexander en David het hierdie verroomsing en verengelsing deurgevoer. Margaret se persoonlike prediker was 'n monnik van Durham „and it was with Benedictines from Canterbury that she peopled her foundation of Dunfermline" (Robertson: Scottish Abbeys and Cathedrals, p.26). Edgar en Alexander het Engelse biskoppe verkies en die kerke met Engelse monnike gevul. So is die Skotse Kerk geleidelik verengels, verrooms, maar dit het ook terselfdertyd tot die laagste diepte wat 'n mens jou kan voorstel, verval. Ons wil maar slegs 'n paar grepe maak uit die Kerkgeskiedenis om aan te toon hoedanig die korrupsie was.

Lees ons die Kerk se eie statute voor die Hervorming, dan leer jy meteens iets van die agtergrond waarteen 'n Hervormer soos John Knox moes optree. Die samesteller van hierdie offisiële statute en bepalings sê onder andere in sy voorwoord die volgende: Deur al die drie eeue van die Skotse Kerklike wetgewing, word die ontugtigheid van die priesters erken, bejammer en veroordeel. Hier hoor ons hoe elke kode van die kerklike wette 'n geroep tot die geestelikes laat opgaan om hulle ontugtige lewe te laat vaar, maar die geroep was tevergeefs (Robertson, i, p. ccv.). Die grofste skanddade was aan die orde van die dag en die talle opskrifte van die statute wat oor dergelike gevalle handel, word 'n meedoënlose refrein waarvan statuut no. 171 'n goeie voorbeeld is, nl. „De incontinentia ecclesiasticorum et concubinariis" (Robertson, ii, p. 86).

Toe Pous Honorius in 1225 in 'n bul provinsiale sinodes vir Skotland voorstel, was die rede veral om „die menigte gruwels" wat in die Kerk voortduur, te probeer uitroei. Maar dit was tevergeefs. Selfs swaardgevegte tussen priesters het voorgekom. Die ontugtigheid het reeds sulke afmetings aangeneem dat die Biskop van St. Andrews dit in 1242 nodig geag het „to forbid the confession of women being heard between the rail and the altar; they should be heard in another part of the church, beyond earshot, but not out of sight" (MaClean, p. 6. in sy „Aspects of Scottish Church History").

Die skandalige lewe van die geestelikes het selfs in die Skotse Parlement weerklank gevind, sodat daar openlik gespreek is van „the unhonestie and misreule of kirkmen" („Acts of Parliaments",, ii, p. 370).

Ewe verfoeilik was die lewe van die nonne. In 1556 skryf kardinaal Sermonetus aan pous Paul IV: „Namens die

koningin word verklaar dat die kloosters van elke groep godsdienstige vroue, en veral hulle van die ‚Cistercian Order', abdisse, prioresse en susters ingesluit, tot so 'n peil van skaamteloosheid gedaal dat hulle deur hulle onverskilligheid hulle kuisheid nie behou het nie." Verder word daar aan die Pous verduidelik hoe hierdie nonne selfs die inkomste van die Kerk gebruik om hulle ontugtige kinders te onderhou (Pollen, p. 528, 529).

Die Kerkregering is verder grotendeels in die hande van jong onvolwosse seuns geplaas. Twee jaar nadat die Hervorming deurgebreek het, het pous Pius in 1562 Nicholas de Gouda as 'n „nuncio" na Skotland gestuur om 'n rapport op te stel oor die redes waarom die Roomse Kerk tot 'n val gekom het. Onder andere sê De Gouda die volgende: „Benefices are constantly bestowed on children, and on absolutely unworthy persons, who care for nothing so little as for God's honour and the service of the Church" (Pollen, p. 138). Geweldige ryk eiendomme van die Kerk en die versorging van duisende siele is aan jong seuns, selfs aan kleuters oorgelaat, „even by men deformed in body, imbecile in mind, hardened in ignorance, old in wickedness and vice" (Robertson, i, p. ccvi.).

Die wanpraktyke kan verder by die dosyne vermenigvuldig word. Die ontsettende onkunde kan met vers en kapittel aangedui word sonder om te wys waarom 'n geleerde in die tyd van Knox van die priesters gepraat het as „dumb dogs, which cannot bark".

Genoeg is dit egter om nog net by te voeg dat die Kerk wat Knox moes hervorm **'n Kerk sonder 'n Bybel** was. Dit was die kardinale punt. God se Woord het verdwyn en daarom was dit 'n Kerk wat dwarsdeur sy hele wese vals en korrupt was. Die „gruwel van die verwoesting" het in die heiligdom plek ingeneem. Maar op Sy tyd het God 'n instrument gestuur om weer Sy volk terug te lei na die Waarheid, JOHN KNOX!

Maar voor hierdie kragtige Hervormer op die toneel sou verskyn, het vele met hulle lewe ter wille van die waarheid geboet. Hierdie valse Skotse Kerk het dit nog boonop as sy „heilige" plig geag om die swaard lustig te hanteer teen enigeen wat dit sou waag om te protesteer. Die eerste Skotse martelaar word op 'n koue wintersaand in 1528 in die plein van St. Andrews-kasteel verbrand. Dit was Patrick Hamilton, 'n kragtige getuie van die Evangelie. Maar sy dood het 'n nuwe vuur in die harte van menigtes ontketen sodat Knox later kon uitroep:: „. . . . the reek of Master Patrick Hamilton infected as many as it blew upon." Vir Knox was dit die openingstoneel van die Hervormingsdrama. Vanaf 1530 tot 1540 sou daar nog meer ander getuies sterf soos Henry Forrest, David Straiton, Norman Goarly, Hieronymus Russel, Kennedy, Kyllor, Beveridge en nog meer. Langs die as van hierdie martelare is John Knox vir sy taak voorberei.

**Knox se eerste optrede in Skotland.**

John Knox is waarskynlik in 1514 of 1515 in die dorp Haddington, ten ooste van Edinburgh gebore. (Oor sy geboortedatum is daar nog steeds onduidelikheid, en die vroeëre historici plaas dit 1505, maar die uitnemende geskiedskrywer en navorser Hay Flemming het onbetwisbaar die latere datum as die

mees waarskynlike uitgewys.) Sy ouers was uit die gegoede burgerstand. Na sy skoolopleiding te Haddington, vertrek die jong John Knox na die St. Andrews Universiteit waar hy onder die destyds beroemde John Major studeer.

Van sy jeug weet ons verder feitlik niks anders nie as behalwe die feit dat hy as 'n geestelike gekwalifiseer het eu deur die Roomse Kerk in diens geneem is.

Dit is op 'n koue wintersaand in 1546 dat ons weer vir die eerste keer John Knox ontmoet. Dan hang daar 'n swaard langs die lyf van hierdie jongman, want hy tree as verdediger van die prediker George Wishart op. George Wishart was inderdaad die man wat sekerlik 'n geweldige invloed op die gemoed van Knox gehad het. Wishart het toe so pas teruggekeer van Duitsland en Switzerland en was 'n kragtige verkondiger van die Protestantse belydenis. Op daardie wintersaand het hy juis weer te Haddington gepreek, maar die kardinaal van St. Andrews, die bloeddorstige Beaton wat alreeds 'n hele paar martelare op sy kerfstok gehad het, was op die loer. Voor middernag is Wishart deur die graaf van Bothwel gevang en uitgelewer aan die kardinaal. Op 1 Maart 1546 is Wishart deur Beaton in die kasteel van St. Andrews verbrand.

Intussen is Knox voortvlugtend, want Beaton het ook agter sy bloed gelê. By 'n groot deel van die volk was Beaton se boekie egter vol, en daar kom 'n nuwe wending as 'n groep edelmanne drie maande na Wishart se dood die vestingwerk St. Andrews insluip en in die vroeë oggendure vir Beaton in sy kamer doodsteek. Toe was die gort gaar. Talle ondersteuners van die groep het hulleself as openlike teenstanders van die regering en die Roomse Kerk in die St. Andrews kasteel gevestig en wat die motiewe ook al aanvanklik was, hierdie plek het die enigste veilige plek vir die Protestante geword. So het Knox ook nege maande daarna sy toevlug daar gesoek met die doel om ter geleëner tyd na Duitsland te vertrek vir studie. Na Engeland wou hy nie gaan nie, want so sê hy later: Alhoewel die gesag van die Pous in Engeland in naam afgewerp is, was sy wette en korrupte stelsels nog in swang. Die vurige Knox wou eerder gaan drink uit die bronne van die kontinent, uit die water wat ook vir Wishart tot versterking was.

Maar Knox se toetrede tot die kasteel van St. Andrews was terselfdertyd die keerpunt in sy lewe. Hy het ook 'n paar leerlinge onder sy sorg gehad en daagliks het hy hulle onderrig uit die Evangelie van Johannes. Diegene wat hierdie verklarings verder aangehoor het, was dan dadelik so aangegryp oor sy bekwaamheid dat hy genader is om op te tree as prediker vir die inwoners van St. Andrews. Aanvanklik wou hy dit nie aanvaar nie, omdat hy die eis van 'n wettige roeping deur die Kerk van Christus gestel het. Maar in die nood van omstandighede en onder leiding van die prediker **John Rough** het die gemeente eendragtig en baie ernstig by hom aangedring en hom in die Naam van Christus gevra om tog gehoor te gee. Op treffende wyse het Rough hom omgedraai na die gemeente en gevra: „Was not this your charge to me? and do you not approve this vocation?". Eenparig het hulle geantwoord: „It was and we approve it". Wat hierop gevolg

het, word die beste in Knox se eie woorde beskryf as hy vertel hoe hy daarop in trane uitgebars het en homself in sy kamer teruggetrek het. Om as 'n prediker van God se Woord geroep te word, het hom geweldig diep in sy siel aangegryp.

Sy eerste preek het die St. Andrews kasteel soos swaar kaliber-geskut getref. Uit Daniël 7 het hy die Woord verklaar en toegepas en hulle was inderdaad verslae oor sy leer. Die Roomse Kerk met die pouslike mag is totaal ontmasker as 'n antichristelike wêreldmag. Van hierdie preek het die hoorders gesê: „Die ander predikers het die takke van die Pousdom gesnoei, maar Knox kap aan die wortels om dit geheel uit te roei!"

In die paar maande wat gevolg het was Knox se arbeid so geseënd dat behalwe die garnisoen van die vesting St. Andrews ook 'n groot deel van die dorp se inwoners openlik vir die waarheid van die Evangelie uitgekom het. Vir die eerste keer word die Heilige Nagmaal in Skotland bedien „soos wat Christus dit verorden en ingestel het". Daar was groot stof tot dankbaarheid. Maar die soldatelewe en die voorbeeld van menige inwoner van St. Andrews het Knox se gemoed baie bedroef.

Intussen het die Roomse Kerk en die owerheid die hulp van Frankryk ingeroep. So verskyn daar dan gedurende Junie 1547 'n Franse vloot teenoor St. Andrews, en van die land se kant ruk troepe op om die kasteel te beleër. Binne-in het terselfdertyd die gevreesde pes uitgebreek en dinge het kritiek geword. Dit is toe wat Knox die inwoners tot ernstige bekering roep in sy prediking. Hulle vertroue op die sterk mure van die kasteel en steun op moontlike hulp van Engeland. Maar „julle sal die Engelse nie sien nie en in die hande van die vyand oorgegee word en na 'n vreemde land weggevoer word!" Hier sien ons Knox vir die eerste keer as die boetprofeet van sy volk. En sy woorde is bewaarheid.

**As slaaf op 'n Franse galeiskip.**

Teen die einde van Julie 1947 moes die kasteel van St. Andrews oorgee, en die inwoners is as galeislawe op Franse skepe geplaas, John Knox saam met hulle. Vir negentien maande lank sou Skotland se Hervormer die verskriklikste foltering van sy lewe deurmaak. Vir 'n jaar en 'n half is hy in die wrede leerskool van 'n slaweskip geplaas. Met 'n ketting is hy aan sy sitplek vasgemaak. Sy bolyf is ontbloot. Onder die sweep van 'n voorman is daar dan verder geen genade nie, maar net roei en roei en roei . . . Ons sien so iets daarvan as ons hoor hoe 'n galeislaaf uit daardie tyd hierdie skouspel beskryf. Hy beskryf sulke slagoffers as „half-naked, half-starved, half-tanned meagre wretches, chained to a plank, from whence they remove not for months together, urged on, even beyond human strength, with cruel and repeated blows on their bare flesh, to an incessant continuation of the most violent of all exercises; and this for whole days and nights successively . . . ." (Hume Brown, i, p. 81).

So het die Franse galeie met John Knox as een van die slawe daarop weldra oor die gesigseinder verdwyn, weg na die vreemde . . . . 'n ballingskap op see! Maar hy het sy geloof behou. Knox het geroem in sy Verlosser.

Toe die vloot waarop die gevange

Skotte was weer een dag die kuste van Skotland tussen Dundee en St. Andrews nader, het een van sy medegevangenes na die torings van die bekende kasteel gewys en vir die siek, uitgeputte Knox gevra of hy daardie land ken. Die dowwe oë van die kranke het weer herleef en asof hy 'n hoopvolle profesie uitspreek, roep John Knox: „Ek ken die land wel. Kyk, daar is die torings van die kerk waar God vir die eerste keer my mond tot Sy lof geopen het, en so swak as wat ek ook nou mag wees, ek weet dat ek nie sal sterf, voordat my tong in dieselfde kerk opnuut Sy Naam sal verheerlik nie." Hierdie woorde sou jare daarna letterlik vervul word.

Die boot waarop Knox 'n galeislaaf was, is genoem „Nostre Dame". Elke keer as hulle 'n Franse hawe aandoen, word hulle gedwing om die Roomse mis te ontvang, maar die Skotte het geweier. By 'n sekere geleentheid gebeur daar 'n insident wat deur Knox self 'n „merry fact" genoem word. 'n Groot skildery van 'n vrou (die maagd Maria) is nadat die Salve Regina gesing is, nader gebring om gesoen en gestreel te word. Toe John Knox gedwing word om dit te hanteer, werp hy die skildery in die water met die woorde: „Let our Lady now save herself: she is light enough; let her learn to swim."

Vir negentien maande was Knox aan die Nostre Dame vasgeketting. Later het hy eenmaal 'n boekie oor die gebed geskryf. Die inhoud hiervan spreek duidelik van die lyding wat sy kranke liggaam op 'n galeiskip deurgemaak het. Daar, in die mees onaangename omstandighede, het hy sy God nie vergeet nie. Maar wat meer is, sy God het hom nie vergeet nie. Knox se geloof het nie gekwyn nie, maar gegroei. Hy het geglo dat daar 'n plan en 'n doel met hom is. As die skip eenkeer gedurende 'n wintermaand op een van Frankryk se groot riviere lê, skryf hy oor die regverdigmaking deur die geloof! „Ons word nou nie meer deur die mure van St. Andrews beskerm nie en kan dus nou ons vyande beskaam wat gesê het dat as ons nie agter ons walle was nie, sou ons nie so vrymoedig spreek nie."

Gedurende Februarie 1949, word Knox van sy galeiskip bevry en hy vertrek na Engeland.

(Word vervolg).

**BIBLIOGRAFIE:**


Acts of the Parliaments of Scotland (1424-1567). Edinburgh, 1814.

**J. A. Duke:**: History of the Church of Scotland to the Reformation. London, 1937.

**W. Croft Dickinson:** John Knox's History of the Reformation in Scotland. London, 1949.

**Hume Brown:** John Knox, i. London, 1895.

**D. Hay Flemming:** The Reformation in Scotland, London, 1910.

**David Laing:** The Works of John Knox. (6 dele) Edinburgh, 1846—1864.

**D. MaClean:** The Counter-Reformation in Scotland. London, 1931.

**D. MaClean:** Aspects of Scottish Church History. Edinburgh, 1927.

**Thomas M'Crie:** Life of John Knox. Edinburgh, 1855.

**J. H. Pollen:** Papal Negotiations with Mary Queen of Scots. Edinburgh, 1901.

**J. Robertson:** Statuta Ecclesiae Scoticanae. Edinburgh, 1866.


V. E. d'ASSONVILLE.